



MNR. GIDEON JACOBUS VAN RIET ENJOHANNES MARTINUS DE WET, OPPERROEP EN ONDERVRA:

VOORSITTER: Ons sal bly wees as U ons in die eerste plaas 'n oorsig kan gee van die voorwaardes waarop die naturelle volk op die plase aangewerf word?-- (MNR. VAN RIET) Ek wil eers se, dat ek hierdie kwessies nie gediskusseer het met iemand anders. Op my plaas, dit is 'n groot plaas van 2600 morges, is 100 morges afgesny vir weiveld vir die naturelle wat op die plaas werk en bly en 100 morges vir landbou.

Hoeveel betaal U vir U volk in loon?-- My groot volk kry van 15/- tot £1.5.0 per maand, dit hang af van die bekwaamheid en die betroubaarheid van die kaffer. Op die grond wat ek hulle toestaan hou hulle daar skape en beeste op na, en dan boondien verdien hulle iets uit hulle lande, en die kaffers is dood-eenvoudig so tevrede dat hulle nie sal weggaan nie; die boere in my buurt behandel die kaffers goed en hulle kla glad nie; hulle kry baie meer nou as wat hulle eers gekry het; die boere staan die kaffers vandag toe om 'n seker hoeveelheid vee aan te hou en hulle help die kaffers ook op ander maniere om goed vooruitgang te maak; gedurende die ploeg tyd helpe hulle die kaffers en laat hulle hulle eie osse gebruik vir ploeg doeleindes op die grond wat die kaffers bebou en hulle staan ook toe om hulle ploeg te laat gebruik.

MNR. MOSTERT: Hoe groot omtrent is die stukke grond wat die kaffers kry om te bewerk vir hulle self?--Dit hang heelmaal af van wat die boer het; daar is besigheidsmense hier wat glad nie grond vir die kaffers gee nie, en wat ook glad nie beeste toelaat nie. Daar is 'n man soos Lurie hier, hy laat glad nie toe nie dat die naturelle beeste of skape op sy lande hou. Hy kan dit nie toelaat nie.

VOORSITTER: Wat betaal hy vir sy volk?-- Hy betaal van £1 tot £1.10 per maand; hy het gemiddeld 300 kaffers en meer in sy diens.

Wat is die soort van boerdery waarvir hy ingaan?--Hy is die ertappel koning hier en hy groei ook koring en mielies.

Het hy 'n kompond op sy plaas?-- Hy het twee komponds: ek wil dit se-- waar daar so baie van hulle is, daar is daar 'n neiging onder die naturelle om na so'n plaas te gaan, en dan werk hulle ook beter en ook goedkoper.

Het die kaffers daar hulle families by hulle?-- Ja, daar is baie wat daar met hulle families is; die meide word daar by die dag betaal-- hulle kry 6d per dag; dit is om die ertappels uit te haal en om op die lande te werk; daar is baie meide wat uit ander dele soontoe gekom het.

MNR. MOSTERT: As U van 'n maand apreek en van maandelikse betaling, is dit dan gewoonlik 'n maand van 30 dae-- of is dit dertig werkdag?--Nee, gewoonlik 'n maand op die kalender.

VOORSTRES: Hoe lang moet die volk werk in die jaar in hierdie distrikt?--Gewoonlik 12 maande.

U meen hulle moet die hele jaar deur werk?-- By my is dit die gewoonte-- my volk kry 15 dae verlof nadat hulle 'n jaar by my gedien het; dit is te se, my volk kry 15 dae verlof in die jaar.

Verlof met betaling?--Ja, met betaling en met hulle kos. Dit is 'n instelling wat lang al daar is, en ek meen dit is dieselfde op ander plase in daardie omgewing. En as die kaffer dan gedurende die tyd wat hy verlof het nog op die plaas wil werk, dan kan hy dit doen en gedurende die tyd betaal ons vir hom 1/- per dag. Dit hang natuurlik heelmaal van homself af of hy in daardie tyd wil werk of nie.

Hoeveel kaffer families het U op u plaas?--Ek het 32 by my--- ek het 32 kaffers in my diens en daar is 16 families.

Hoeveel beeste en skape het hulle?-- Hulle het iets in die 40 beeste en 14 perde. Dit is omtrent die getal; party maal is dit meer en soms is dit ook minder.

En werk hulle die hele 100 morga?--Ja, hulle saai koring.

Wat bring hulle op?--Wel, ek sal U se wat ek doen; gedurende die ploeg tyd laat ons die ploegwerk van die plaas vir 'n paar dae staan en dan moet hul in daardie dae hulle eie lande omploeg; ek help hulle gedurende daardie tyd en ek leen hulle my eie ploege om hulle lande om te ploeg. Vanjaar het hulle almal daar gewerk en gemiddeld 10 sakke koring gekry.

Was dit kaffer koring gewees?--Nee, Duitse koring.

En mielies, produseer hulle ook mielies?--Ja, maar nie soveel nie; dit is virnamelik koring.

Hulle sasi virnamelik koring?--Ja, byna uitsluitend.

Wat kry hulle uit die lande?-- Wel, hulle kry nie soveel uit die lande uit as wat ons daaruit kry; die moeilikheid is dit; in die eerste plaas leef hulle op wat op die lande staan; sodra die mielies opkom en sodra hulle die groen mielies kan vat, doen hulle dit; en dan het hulle ook die pompoene waarop hulle leef; daar is baie wat pompoene groei.

Het U ooit 'n berekening of 'n opsomming gemaak van wat die naturelle wat op U plaas woon vir U kos?-- Ek reken die kaffers kos my gemiddeld £1.10.0 per maand en dan hulle kos daarby; ons kan se dit werk uit op £2 per maand.

Sou dit vir 'n boer betaal om die kaffer families aan te hou?--Ja; dit kos maar min; elkeen van hul kry 'n halve sak mielie-meel.

Wat is die koste vir U. gestel nou dat U die 200 morg grond sou gebruik sonder die kaffers daar te hou; wat kos dit vir U om die kaffers daardie 200 morg grond te gee--- wat sou U self uit daardie 200 morg grond kan maak as die kaffers nie daar sou wees nie?--Daardie grond is 6/8 per morg per jaar werd; dit is my berekening.

MNR.MOSTERT: Sou dit 6/8 per morg werd wees in huur?--Ja.

VOORSITTER: Is dit weiveld en ander grond?-- Tusse die twee; dit is die prys wat 'n man sou betaal as hy dit sou huur--- 6/8 per morg per jaar.

Hoeveel morgs reken U vir 'n bees vir weiding; hoeveel beeste het hulle op daardie grond?--Hulle het by die veer/tig beeste daar nou; 'n paar van hulle.

MNR. LUCAS: Is dit groot beeste?--Ja, dit is groot beeste en dan het hulle ook perde daar op dieselfde grond.

MNR. MOSTERT: As dit gemiddeld 6/8 per morg is, dan meen dit dat elke bees 13/4 per jaar is--- dit is wat dit vir U kos?-- Ja, ek denk dit is omtrent reg. Dit is moeilik om presies uit te reken hoe dit uitkom, maar op uxberekening sou dit omtrent op die bedrag uitkom.

(MNR. MOSTERT LE UIT AAN GETUIE HOE DIE BEREKENING GEMAAK BEHOOR TE WORD EN GETUIE STEM MET HOM IN).

Laat ons se dit is 5/- ,dan kos dit vir U 10/- per jaar .... ?--Ja.(MNR. MOSTERT VERKLAAR AAN GETUIE).

Op die Hoë Veld reken ons dit is 8/- per jaar?--Ja, maar ek verstaan dat die grond daar is duur, en ek geloof dat om tevredenheid onder my volk te kry is dit nodig om te doen wat ek hier doen; ek moet vir hulle weiding grond gee en grond om vir hulle self te kan bewerk; dit is vir my nodig om te kan vertrou op die dienste van my volk; as dit nodig is om hulle in die middel van die nag uit te roep, dan moet hulle klaar wees om te kom; en hulle kom nou, dit kom nie daarop aan nie wanneer ek vir hulle roep-- hulle kom altyd.

Ons kom op die punt wat dit vir die boere kos om 'n natuurel op sy plaas te he ?--Ja, ek verstaan, maar ek se dat alhoewel dit miskien baie kos, vir my is dit nodig om tevredenheid onder my volk te he en om op hulle dienste te kan bôu.

VOORSITTER: U boer in die Oostelike VryStaat?--Ja.

Is dit daar algemeen die gewoonte om grond aan die natuurlike uit te gee in betaling-- soos U dit doen?--Nee, ons gee nie grond in betaling nie; dit is volstrek nie die gewoonte nie; ons betaal hulle in geld en dan kry hulle nog

sekere voorregte daarby; ek stoer my volstrek nie daaraan wat hulle saai en ek tel nie vir hulle beeste nie.

U gee vir u naturelle 'n loon en daarby gee U hulle ook nog land vir weiveld en om te bewerk?-- Ja.

Is dit die algemene gewoonte waar U woon om hulle 'n loon te betaal en om hulle grond en weiveld te gee?--Ja, die algemene gewoonte is om die kaffer toe te laat 'n seker getal beeste te hou en om hom dan ook nog grond te gee om vir homself en sy familie te bewerk.

MNR. LUCAS: En kan U se of hy ooral ook loon kry, word hy ooral in geld betaal?-- Wel, die gemiddelde loon wat 'n kaffer kry is £1 in die maand en 'n halve sak mielie meel.

En U se U laat vir hulle toe om vee aan te hou?--Ja.

En al die lande word met u gereedskap bewerk?--Ja.

Doen U dit om hulle te belet te veel vee aan te hou?-- Ja; maar ons se dat as hulle koeie en kalwers hou dan is daar altyd melk vir die kindertjies. As ek die volk sou toelaat om net soveel perde te hou as hulle wil, dan sou hulle laaste geld uitgee en dan sou hulle hulle laaste bees verkoop om perde te gaan koop. Hulle is baie lief vir perde en hulle sou perde koop en op Sondag sou hulle uitgaan om te ry.

Net soos die witman maak met die motorkar?--Ja; hulle het altyd hulle perde gehad, en hulle wil nie afstand daarvan doen nie; hulle is te lief daarvir.

Hou hulle hulle eie bulle aan of gebruik hulle u bulle?-- Hul gebruik altyd my bulle; as hulle bul-kalwers kry dan se ek vir hul hul moet die goed later verkoop wanneer dit 'n bietjie groter word.

Al die bulkalwers moet gesny word en dan later moet hul verkoop word?--Ja, wanneer hul ses maande oud is dan se ek vir hul die kalwers moet verkoop word; ek last nie vir hul toe nie om die goed langer aan te hou.

Verocrsaak dit U enige las?--Nee, glad nie; hul sien in

dit is nodig en redelik.

MNR. MOSTERT: Hoe lang is U al hier?--Ek is al 32 jaar hier in die distrik;

En waar woon U?--Ek woon in die Westminster distrik.

Hoë is dit met die lokasie gronde daar?--Daar is nie lokasies daar nie. Daar is kaffer plase in daar die omgeving, maar ek moet se die kafferplase is maar klein; ek werk nou op die oomblik met 'n kaffer boedel daar; die eienaar van 'n plaas daar het 'n groot stuk grond maar hy kry niks daarvan nie; daar is 'n plaas van 'n kaffer wat 6,000 morge groot is-- dit is die beste grond in die hele distrik en die eienaar het tussen die 70 en 80 families op sy grond; hul woon al lang daar, maar die eienaar moet altyd help om die mense uit die moeilikheid te kry; daar is altyd iets verkeerd en hy moet maar byspring. Hy kry omtrent niks van hulle. Die kaffers ploeg byna glad nie en as hulle ploeg dan doen hul dit so oppervlakkig dat dit van nie die minste nut is nie; hul ploeg nooit diep genoeg nie-- hul gaat nooit dieper as 3 duim; wel wat help dit? En as dit vandag reën dan moet U nie denk nie dat hulle morre sal ploeg; nee, nooit--daaraan denk hul nie. "there is absolutely no thrift, that is the whole trouble". Onder die naturelle bestaan nie die minste neiging, soos dit onder die witsense die geval is om die geleentheid van die oomblik te baat te neem, en om, as dit vandag reën morre op die lande te werk en die grond mooi om te ploeg; nee, hul sal stilsit en later miskien sal hul hier en daar 'n bietjie kom werk; hul sal hier en daar 'n bietjie ploeg en die grond los skrap, maar hul sal niks behoerlik doen nie, en die gevolg is dat hul later baie swakke ooste kry. En dan kla hul steen en been dat hul nie genoeg land het nie.....

VOORSITTER: U het gepraat van 'n boedel; wat is die punt wat U wil maak?-- Daar was 'n kaffer daar wat naturelle

op sy plaas gehad het; hy het naderhand vir hulle gese "jul moet nou hier betaal, jul kan nie hier vir niks bly nie". Hy het £800 uitstaande en daar is net £50 betaal en die kaffers se nou hul kan nie betaal nie.

MNR. MOSTERT: Hoeveel is die grond werd?--£10 per morg. Die grond was by vendasie verkoop en dit het van £9,10 tot £15 per morg opgebring.

VOORSITTER: Was dit aan witsense verkoop?--?--Ja, witsense het twee of drie dele van die grond gekoop.

MNR. MOSTERT: Wat was die opbringe gewees van die 5,000 morge toe die naturel daar alleen was gewees?-- Nee, in die dae was die opbringe maar baie min gewees.

Ek meen die opbringe van die grond?--Ja, dit was maar min; daar was 2,000 morge verkoop en toe was daar 3,000 morge oor gewees. In Julie is die ou man dood. Ek was in Rhodesie gewees toe die ou man sterf en toe ek terug kom sien ek die kinders en ek se vir hul "jul vader is nou dood en daar is nou niemand om agter julle te kyk; julle moet nou ploeg; ek het agter hul gestaan om hul te help; toe ons koring gesaai het, het hul 200 sakke koring gewin op die 3,000 morge grond; ek moes die helfte daarvan vir die boedel kry; dit was op die 3,000 morge grond. Dr. Moroko het toe een stukkie van die grond gekoop en die mense wat daardie land gekoop het het toe van 5,000 tot 7,000 sakke koring gekry uit omtrent 300 morge. Dit bewys dat die grond baie goed was. Wat party dele sal opbring weet ek nie, maar seker nie minder as £200. Maar vroeger het hul absoluut niks met die land gemaak nie.

VOORSITTER: Waarvir gebruik hul die lande?-- Die lande in die boedel word gebruik vir weiveld en vir lande.

Het die mense wat daar woon baie vee?--Nee, nie baie vee nie; die plaas is nooit behoorlik gestok gewees nie; as



daar 'n witman sou wees of 'n naturel wat baje verstand het van iets in verband met boerdery--- 'n man wat iets sou afweet van vee en van die bewerking van die lande en as hy daarop sou let dat die lande behoorlik sou geploeg word en behoorlik sou bewerk word, dan sou die naturelle uitstekend daer kan leef.

MNR. MOSTERT: Kan U vir ons se hoe het hulle in besit gekom van daardie grond?-- Hulle het dit gekry van die ou Chieft wat vroeger daar gewees was. Ek wil net dit se-- dit groot fout met die reserve is dat hulle het na die boere oorlog toegelaat dat hier al die kaffers van die Kaap Kolonie sal inkom. Hulle het hier gekom en baje van hul het hier gebly. In die vroeger tye, na die boere oorlog, as 'n kaffer nie geweet het nie waar te gaan, dan trek hy na die reserve toe. Toe die Vrystaatse Goevernement daardie grond oorgeneem het, toe was die verstandhouding, hulle het 24,000 morgen op sy as reserves vir die kaffers en die Goevernements plase. ; gedeeltes word toe verhuur aan die boere vir vyf jare en die volk word toe gese "as die reserves te vol word, dan sal ons vir julle terug set op die plase". Dit was die verstandhouding waartoe hulle die daer gekom het; maar wat gebeur daarna? Die Milner skema kom uit -- U weet seker wat dit was--- en toe bring hulle die "Settlers' scheme" in operasie; wel, U weet wat die toestand was in daardie daer; die oorlog was nog aan die gang; die boere was weg op kommando en toe vat hulle die gronde en hulle verkoop dit onder die Milner Settlement scheme aan die soldate.

Was dit gedurende die oorlog gewees, )) Wel, net so ongeveer aan die einde van die oorlog toe die skema eers ingevoer was om die mense hier te settel.

Wat het van die naturelle gronde geword?-- 'a, toe word die grootste onrag in die wereld aan die kaffers aangedoen wat

daardie gronde betref. Dit was die gronde van die kaffers; daar waar die settlers nou is, dit was almaal kaffer gronde gewees in die ou dae, en daardie gronde is van hulle weggevat nietteenstaande die verstandhouding waartoe hul eers gekom het.

Is daardie lande verkoop aan die Milner Settlers?-- Ja, onder die Settlers' Scheme is daardie lande aan die ou soldate verkoop, maar ek se dit was die grootste onreg wat hulle ooit aan die kaffers het kan doen--- dit en die feit dat hulle kaffers wat van elders kom toegelaat het om hier te kom vestig. U sal kan verstaan datdit baje ontevredenheid veroorsaak het onder die ou naturelle bevolking wat al jare lang hier is; hul was belof dat as die reserves te vol sou word, dan sou hulle weer op die plase teruggeset word, maar natuurlik kan dit nou nie meer gedoen word nie; dit is onmoontlik.

VOORSITTER: Daardie plaas van 5,000 morge waarvan U gepraat het, U se hul het dit van die ou kaptein gekry?--Ja.

Ek verstaan dit, maar wat ek wil weet is dit-- hoe het die plaas in besit gekom, hoe het dit die private besitting geword van een naturel?-- Die man was een van die voormanne gewees van die ou kaptein; en toe het die kaptein vir hom 'n plaas gegee en sy oom was ook 'n voorman gewees en sy oom het ook 'n plaas van die kaptein gekry, en toe later, toe die oom dood is, toe kry die ander kaffer die plaas van sy oom, en toe het hy alle twee gehad.

Hoeveel grond het hy gehad?--Hy het 15,000 morge gehad; dit was die twee plase saam.

SENATOR VAN NIEKERK: Daar is 'n naturelle reserve hier en ook plase wat aan kaffers behoer; hoe kom hul aan die ander plase?--Van die Kaptein.

Hoe kan die kaptein dit doen?-- Die hele Thaba'Nchu distrik het aan die Kaptein behoer.

Wanneer was dit gewees?--Voor die Boere oorlog.

Maar toe die Boere die grond verower het?--Dit was nie verower nie; daar was 'n ooreenkoms gemaak; in sy leeftyd het die voorman die plaas gekry, en toe het die Judge ~~18/18/~~ Gregorowski Kommissie hier gesit en toe het die Kaptein sy gronde aangedui en daarna is die gronde behoorlik afgemeet en getransporteer op die geregtigde persoon.

VOORSITTER: Hul het paart en transport gekry van die plase?--Ja, dit was heelmaal in orde gebring.

En so het dit die privaat besit geword van die ou hoofde?--Jam dit is op daardie manier gedoen.

SENATOR VAN NIEKERK: Hoeveel van die originele gronde het hul verloor in ~~18/18/~~ die dae na die oorlog?--Hulle het baie daarvan verloor. Ek denk seker die helfte daarvan.

Hoe het dit gebeur?--Die algemene gewoonte van die kaffer is dit; hy leen geld op sy grond; hy kry 'n verband daarop en dan betaal hy nie sy rente nie; hy raak in die skuld en hy betaal nie wat hy behoort te betaal; dan kry hy later 'n tweede verband op die plaas en hy raak dieper en dieper in die skuld en in die einde verloor hy sy plaas. In die dae van die ou man hier het ons gepraat oor sy testament; ek het toe die hele kwessie met hom bespreek en ek het vir hom gese "verkoop 'n deel van jou lande sodat al jou skulde kan betaal word en maak ons die res so vas dat dit nie verkoop kan word nie". Wel, eers het dit baie moeilik vir hom gewees om dit te doen, maar per slot van sake het hy dit gedoen en ek so 'n testament vir hom opgetrek en nou is daar glad nie skuld op die grond nie. Maar die gewoonte met die naturelle is byna altyd dat as hulle verbande op hulle grond het, dan betaal hulle die rente nie. En dan kom daar die ene verband na die ander en dan kom daar 'n dag wanneer die gronde heelmaal uit sy besit uit raak. Dit is hoekom het so baie van die naturelle hier hulle eiendom in die loop van jare verloor. Die grond het gewoonweg uit hulle

hande uitgeraak.

VOORSITTER: Was die idee nie dat die plaas sou gebruik word vir die seksie van die stam en nie net vir die een man?-- Nee, dit was vir die man persoonlik gewees.

MNR. MOSTERT: Watter title het hul gehad--was dit 'n uitrent title gewees?--Ja, almaal 'n uitrent.

SENATOR VAN NIEKERK: Wat is die algemene landbou toestand in die Reserve?-- My gedagte is dat dit maar baie sleg is; (MNR. DE WET) Ja, dit is treurig sleg.

Dit word swak bewerk?--Ja, verskriklik swak.

Is die arbeids toestand dieselfde daar?-- In my deel van die wereld is die grond nie van dieselfde geaardheid as wat dit is waar Mnr. van Riet bly. Daar is nie geleentheid om die naturelle daar dieselfde voorwaardes te gee as wat Mnr. van Riet doen. Wat my betref, ek gee my volk ook grond; ek gee hul 'n seker getal morge om te ploeg en ek laat hul toe om 'n seker getal vee aan te hou.

Waar is U plaas?--Ek is in die Westelike Vrystaat en daar kan ons nie vir die volk soveel lande gee as in die ander dele. Maar die neiging onder die boere by ons is om vir die volk toe te laat om 'n bietjie vee aan te hou.

Hy is beter as hy vee kan aanhou?--Ja; as hy niks het nie, dan beskou ons hom as 'n voël op 'n tak -- vandag is hy hier, maar morre is hy weg; hy trek ooral rond en bly nooit lang op een plek. Maar as hy iets het, dan bly hy. Ek het nou volk op my plaas wat al 15 jaar by my is, en hul is heelmaal tevrede om te bly.

Wat betaal U aan u volk op die plaas?-- Wat die betaling betref, dit is maar min of meer dieselfde as wat Mnr van Riet hier vir U verklaar het.

Is dit ooral dieselfde?--Min of meer. Wat ek van weet is min of meer dieselfde.

Groot kaffers kry gemiddeld £1?--Ja; as 'n jong opgaaf betaal, dan beskou ons hom as 'n groot man.

Is daar mense in u distrik wat nie lone betaal aan hul naturelle volk?-- Nee, nie wat ek van af weet nie.

En gee U ook kos vir hulle?-- Ja, ek gee hul 'n halve sal mielies en nou en dan slag ek en dan kry hulle vleis en die lande word beploeg; en daarby kom nog dit-- ons betaal die opgaaf vir ons eie volk.

Word die volk die hele jaar deur betaal?--Ja, en as 'n man siek is betaal ek hom ook.

Kry hy verlof op u plaas?--Ja, hy kry 'n week of veertien dae per jaar. Maar ek wil nog dit se: as hy by my kom en hy vra vir my om verlof om na Bloemfontein te gaan om meer te kan verdien, dan laat ons hom toe om vir drie of vier maande soontoe te gaan.

SENATOR VAN NIEKERK: Gee die boere die kaffers op die plase ook melk?--Ja, hulle kry altyd die afgeroomde melk op die boereplase; dit is die gewoonte by ons. (MNR. VAN RIET) Hulle kry oral die afgeroomde melk en as die kalwers gevoer is dan kry die naturelle volk die melk. (MNR. DE WET) Mnr. van Riet het gepraat oor die bulle en oor die beeste; my volk het skape op my plaas; ek gee hul medisyne en ek dip hulle gereeld, en ek kan se dat al my bure doen dieselfde. Die naturelle op ons plase word baje goed behandel en hul waardeer dit en bly lang by ons.

MNR. MOSTERT: U moet seker die skape dip vir u eie beskerming?--Ja, seker; dit is altyd nodig.

SENATOR VAN NIEKERK: Hoeveel skape kan 'n kaffer op u plaas aanhou?-- Dit hang van baje dinge af; in die eerste plaas hang dit hiervan af-- hoeveel werkvolk 'n kaffer wat vir my werk het-- ek meen hoeveel werkvolk hy vir my gee. As 'n kaffer nie kinders het nie en as hy nie ander volk

het nie om vir my te werk, dan last ons hom nie toe nie om baje skape aan te hou; dit sou onmoontlik vir ons wees om dit te doen; maar ons probeer om ons kaffers tevrede te hou en om hul in die geleentheid te stel om vooruit te gaan.

Maak die kaffer iets uit sy wol?--Ja, seker.

En verkoop die volk hul skape?--Ja en ons help die kaffers om ordentlike pryse op die markte te kry vir hul wol en vir hul skape; en as die skeer tyd kom, dan laat ek die kaffers los en dan gee ek vir hul geleentheid om iets te loop verdien, om te gaan skeer by ander mense wat baje skape het om te skeer. 'n behoortlike kaffer kan op die manier altyd tamelik iets verdien wat hom baje help. Hul weet dit en daar is verskeidene van hul wat gebruik maak van die geleentheid.

MNR. MOSTERT: Wat betaal U vir hom vir 100 skape om te skeer?-- Ons het vroeger 10/- betaal, maar toe die wol ~~mark~~ opgegaan het, toe het ons 12/6 en meer betaal.

Sou dit nou moontlik wees, met die prys van wol soos dit nou is, om selfs 5/- te betaal?-- Ek sal nie probeer nie om 'n kaffer vir 5/- te kry. Hy sal dit nie doen nie; mens moet altyd meer as dit betaal.

SENATOR VAN NIEKERK: Hoeveel kan hul skeer?--'n flukse jong kan omtrent 50 skape skeer. Maar gewoonlik doen hul nie meer as 35 nie. En hul word baje goed behandel deur al die beere vir wie hul skeer.

VOORSITTER: In ander dele van die land het ons getuienis gekry dat naturelle wat op die land van die boere woon en wat seker voorregte kry, 90 dae in die jaar moet werk vir daardie voorregte. Het U daardie stelsel hier ook?--MNR. VAN RIET: Nee, ons het dit hier nie; dit is almaal huurvolk; as die ertappel uithaal tyd daar is en die mielie tyd daar is, en die kaffer het lus, dan se hy vir ons "baas, hierdie maand wil ons by die lande werk", en dan verdien hulle meer as wat hulle anders verdien.

Dan doen hulle stukwerk gedurende daardie tyd?-- Ja, dan gee ons hulle geleentheid om 'n bietjie meer te verdien; ons sien baie goed in dat die lewe van die volk is duurder en waar ons hul kan ontmoet, daar doen ons dit.

Is dit die gewoonte met al die boere?--Wat ek van weet

MNR. MOSTERT: Wat betaal U per stuk blaer kop (?) ?--

Ons oes skoon; ons betaal 4d. Ek wil nog dit se; by my plaas en ek weet van ander plekke ook waar dit so is het ons 'n siekefonds. Die kaffer betaal nooit 'n penny nie vir dokters of vir medisyne. Dit is hoe die ding gewerk word; as daar 'n koei dood gaan, dan kry een van die kaffers dit; daar is 'n lang lys van kaffers wat die een na die ander geregtig is om die koei te kry as sy dood is. Vandag is dit Piet, morre Klass, oormorre weer iemand anders; dan verkoop die een wat die koei gekry het deel daarvan en die geld gaan na die siekefonds, en uit daardie fonds word die dokter en die medisyne betaal wanneer dit nodig is. Ons het dit baie nuttig gevind en as jy dit nie doen nie, dan verloor jy geld; dit is ons ondervinding gewees en hierdie stelsel beantwoord baie goed. As 'n bees dood gaan en ons weet hy kan gebruik word, dan word dit op die manier gebruik. Op daardie manier word nuttige geld verdien; gestel 'n bees gaan dood aan iets wat ons weet, iets wat die bees nie bederf om nog deur die volk ge-set te word; die kaffer gebruik self gedeelte van die vleis, hy verkoop gedeelte en aan die einde van die maand word 15/-, of wat dit mag wees, afgeneem en in die fonds geset.

SENATOR VAN NIEKERK: Wie hanteer en wie bestuur die fonds?-- Ons doen dit vir die kaffers. En as daar iets te kort is, dan betaal ons dit in en help op die manier.

MNR. MOSTERT: Wat betaal U in geld, in loon vir 'n sak mielies?-- Ons betaal drie pennies.

**Collection Number: AD1438**

**NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda**

**PUBLISHER:**

*Collection funder:- Atlantic Philanthropies Foundation*

*Publisher:- Historical Papers Research Archive*

*Location:- Johannesburg*

**©2013**

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.